

26 September

1 Johannes 4:1-21

(Teks: 4:1) Die Here beskerm ons deur sy Woord

Jesus het ons gewaarsku: "...daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei". Daarom vind ons hierdie opdrag in die Bybel: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel eers die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan." Ons enigste maatstaf waarmee ons mense kan toets wat hulleself as "predikers" beskou, is die Woord van God. Hulle praat al-mal oor verlossing. Maar preek hulle Christus, die enigste, ware Verlosser soos ons Hom in die Woord ken? Vandag het dit wat gelowiges "ervaar" grootliks die Woord as toetsmiddel en Christus as Verlosser vervang. Ware kennis, vreugde en emosionele ervarings kom na die studie van en na gehoorsaamheid aan die Woord van God, nie deur allerlei buitengewone_ervarings los van die Bybel nie. Mense wat sê: "God het vir my gesê" of "God het aan my geopenbaar", moet daarom getoets word aan die Bybel. Om die Bybel te bestudeer en goed te verstaan, vra egter harde werk. Ons verstand is immers so deur die sonde aangetas dat ons swaar verstaan en moeilik toets. Mense soek na kitsoplossings. Sonder die verliggende werk van die Heilige Gees in ons kan die waarheid van die Skrif nie ons verstand en ons harte binnedring nie. Maar die verliggende werk van die Heilige Gees kan nie ywerige studie van die Skrif vervang nie. Dit gaan hand aan hand. Sonder die waarheid sal jy die leuen nie kan raaksien nie, en die leuen verwoes lewens. Hoe lees jy jou Bybel? Doen jy moeite daarmee? Sonder die waarheid in jou sal jy die ware God nooit sien nie. Verlossing lê nie in wat mense sê nie, maar wat God deur sy Gees in Christus vir ons sê. God wil hê dat ons die geeste op die proef stel, want Hy is 'n Vader wat ons by Hom, die enigste ware God, wil hou, en by Hom is daar lewe.

Sing Psalm 119:33 en 35

Ds. P.H. Fick (Springs)